LAERSKOOL GOEDEHOOP

# Goedes Nuusbrief

GROEI EN BLOEI

NUUSBRIEF 1/2025

## Mnr Gawie sê sy sê...Uniek

Dit is vir ons belangrik om in 2025 weer te besef dat ons almal uniek geskape is. Dit is vir ons belangrik dat ons moet weet dat ons moeite met mekaar moet doen omrede dit vir God belangrik is. In Handelinge 10:15 lees ons waar God vir Petrus sê, wat God rein verklaar het mag hy nie onrein ag nie. Ons het as mens soms die gewoonte om ander onrein te verklaar op grond van ons menslike reëls en persepsies. Mag ons in 2025, dieper sien. Mag ons ons ore spits om ander te hoor. Mag ons dieper lief hê. Mag ons 'n gevoel ontwikkel tot diep in ons ingewande om so 'n verskil in ander se lewe te maak.

## Goegieland

So spring Goegieland volstoom weg. Ons herinner graag ons ouers aan die volgende:

- Daar is 'n verpligte oueraand Maandag, 20 Januarie 2025 vanaf 17:30 tot 19:00 in elke kleuter se onderskeie klas. Ons vra asseblief dat u kleuters by iemand sal los vir die tydjie, sodat ons alle inligting so gou as moontlik aan u kan oordra, sonder onderbrekings.

- Ons herinner u ook aan ons eerste pretdag wat plaasvind op Vrydag, 31 Januarie 2025. Maats kan aantrek soos die eerste letter van hul name. Bv (Zéke= Zebra of Riaan= Ruimteman). Onthou asseblief dat die pretdae nie veronderstel is om u geld te kos nie. Wees gerus kreatief met dit wat u by die huis het.

- Ons herinner u ook dat Kletsboeke asseblief daagliks skooltoe moet kom. Stuur skeurstrokies terug so gou as moontlik. Indien u nie in 'n aktiwiteit belangstel nie, trek gerus die brief net dood. Knip asseblief skeurstrokies af, dit vergemaklik en verkort elke klasonderwyser se werk.

- Laastens wil ons u asseblief ook weer herinner dat geen lekkers in die week toegelaat word nie, slegs op Vrydae. Moet asseblief ook nie melkies asook boksies sap of vla stuur nie. Geen gaskoeldrank word toegelaat nie. Indien u twyfel, kontak gerus vir Juffrou of gaan loer in die kletsboek.

Groete uit Goegieland

## Welkom terug!

Baie welkom in 2025, dis lekker om al die kinders weer terug te hê by die skool. Wat 'n mooi gesig was die saal nie en ons voel besonder bevoorreg. Baie welkom ook aan ons nuwe maats, daar is heelwat nuwe gesiggies en dit is vir ons lekker om hulle ook hier te verwelkom. Die maats uit die Edu Detto se geledere in besonder welkom. Ons wil ons ouers en kinders uitnooi om deel te wees van die Goedehoop-familie. Om deel te word moet ons deelneem, wees daar en wees betrokke. Ons is baie meer gelukkig as ons saam is.

Ons is baie opgewonde vir wat die jaar vir ons gaan bring. Ons is heeltyd besig om te verander en te vernuwe tot voordeel van ons kinders. Dit is lekker om Biekie Skool by ons te hê met al hul nuwe planne en inisiatiewe. Dit is ook lekker om die span van Edu Detto te verwelkom. Ons besef veranderinge is 'n aanpassing en kom soms saam met sekere vrese maar God het ons nie geskape om bang te wees nie. Ons is veerkragtig en ons pak die jaar met ywer en waagmoed aan.

## Week se Program

### 20 Januarie 2025

- **Oueraand: Gr. 000 tot 3 & LSEN 17:30 tot 19:00 in voogklas**

### 21 Januarie 2025

- **Oueraand: Gr. 4 tot 7 17:30 in skoolsaal**

### 25 Januarie 2025

- **Atletiek: LS Orion te Alberton**

## Drama

Ons is baie opgewonde vir die jaar wat voorlê en al die geleenthede wat ons het om selfvertroue te ontwikkel en aan kompetisies deel te neem. Ons begin volgende week met die jaarlikse oudisies om moontlike nuwe leerders 'n kans te gee om deel van die dramaklub te word. Leerders moet vir die oudisie 'n gedramatiseerde gedig (gedig met bewegings) voorberei. Ons kyk tydens die oudisies onder andere na stemgebruik (verskillende stemme, geluide), stem kwaliteit (hard en duidelik) en verhooggebruik.

Die oudisies vind plaas op:

| | | |
|---|---|---|
| 22 Januarie 2025 | Graad 5 tot 7 | 15:00 tot 17:30 |
| 23 Januarie 2025 | Graad 3 tot 4 | 15:00 tot 17:30 |
| 28 Januarie 2025 | Graad 0 tot 2 | 15:00 tot 17:00 |
| 30 Januarie 2025 | Laaste drama oudisies | 15:00 tot 17;00 |

**Drama Google-Vorm**

As leerders belangstel moet die volgende Google-vorm voltooi word voor 12:00, op die dag van die betrokke oudisie, om toestemming te gee. Enige navrae kan ook op die skakel ingevul word. Juf. Elize sal met u in kontak kom om die navrae te beantwoord.

## Dans

**Dans Whatsapp-groep**

Dis 'n nuwe jaar en ons begin sommer vroeg al oefen. Ons wil graag die Graad 1-maats nooi, en al die ander wat graag wil leer dans, om te kom en lekker saam te dans. Ons begin Donderdag, 28 Januarie 2025. Reëlings sal op die Whatsapp-groep deurgegee word en daarom nooi ons alle ouers wie se kinders dans of wil dans uit om die groep te "join", klik gerus op die skakel. Tye is beskikbaar op die kalender, ons oefen Dinsdae & Donderdae in die saal. Eerste week kan ouers kom loer, maar daarna verkies ons dat ouers buite wag, kinders se fokus is dan net beter.

## Atletiekdatums 2025

| | | |
|---|---|---|
| 16 Januarie | - | Gr 1 uitdunne |
| 17 Januarie | - | Interhuis – Secunda Stadion |
| 25 Januarie | - | LS Orion - Alberton |
| 29 Januarie | - | Hoëveldgroep – Secunda Stadion |
| 31 Januarie | - | LS Standerton - Standerton |
| 4 Februarie | - | Zone – Secunda Stadion |
| 11 Februarie | - | Circuit – Secunda stadion |
| 15 Februarie | - | Munisipaal – Secunda Stadion |
| 22 Februarie | - | Gert Sibande – Secunda Stadion |
| 8 Maart | - | MUSSA – Secunda Stadion |
| 20 – 22 Mrt (tentatief) | - | SA's (Ooskaap – tentatief) |
| 25 Okt | - | Super 12 Menlo Hoërskool |




**Knipmesbraai Google-Vorm**

LAERSKOOL GOEDEHOOP
GROEI EN BLOEI

**Goedehoop-Groete**
**Mnr Gawie van Niekerk**
**Prinsipaal**




| 20 Jan | 21 Jan | 22 Jan | 23 Jan | 24 Jan | 25 Jan | 26 Jan |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Jason Stratford<br>William Phillips<br>Durant Breytenbach | Marnitz Visser | Renette Reyneke<br>Reinhardt Reyneke<br>Llené v Jaarsveld<br>Thredin Schroder | Rylan Murphy | Amira Langenhoven<br>Marionéll Vogel<br>Melinique Hattingh<br>Kay Lee Smit | Mikayla Smit | Ameja Dalgleish<br>Sebastian Stratford<br>DJ vd Vyver |

# Aanlynklerewinkel

LAERSKOOL GOEDEHOOP
GROEI EN BLOEI

## Dis so maklik soos... 1 2 3

- Besoek die skool se webblad

**www.laerskoolgoedehoop.co.za**

- Kliek op die klerewinkelskakel




- Kliek op die item en kies die grootte







- Volg die skakel vir veilige betaling